# Motheo Onderwysdistrik

**AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL**

**Vraestel 2**

**Mei/Junie 2015**

**PUNTE: 80**

**GRAAD: 10**

**TYD: 2 uur**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings naamlik:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | ’n Opstel | (40 punte) |
| AFDELING B: | EEN lang transaksionele tekste | (20 punte) |
| AFDELING C | EEN kort transaksionele teks | (20 punte) |

2. Kies en beantwoord EEN vraag uit AFDELING A, EEN vraag uit AFDELING B en EEN vraag uit AFDELING C.

   Bestee ongeveer 60 minute aan AFDELING A en 30 minute aan elk aan AFDELING B en C.

3. Skryf in Afrikaans.

4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.

5. Punte word vir inhoud, taal en styl asook struktuur, beplanning en redigering toegeken.

6. By elke vraag moet genoegsame bewyse van beplanning/redigering wees.

7. Dui jou beplanning deeglik aan. Trek ’n streep deur jou beplanning as jy die finale weergawe klaar oorgeskryf het.

8. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in die vraestel gebruik is.

9. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A: OPSTEL**

- Kies EEN van die volgende opdragte en skryf ’n OPSTEL van 150 – 180 woorde.
- Dui op jou finale skryfstuk die nommer van die opstelonderwerp aan.

**VRAAG 1**

1.1

**’n Mooi volksverhaal**

Skryf ‘n verhalende opstel waarin jy vertel van ’n mooi volksverhaal wat jy ken.



Dink aan:

- Waaroor het die storie gegaan.
- Wie is die karakters.
- Hoe het die storie jou lewe geraak. (40)

1.2 **Pap en vleis: ’n Heerlike ete.**

Skryf ‘n opstel waarin jy pap en vleis as ’n heerlike ete beskryf.



Dink aan:

- Hoekom eet jy pap en vleis.
- Hoekom is dit ’n heerlike ete.
- Hoe word dit gaar gemaak/gekook . (40)

1.3

## My kultuur

Skryf 'n opstel waarin vertel van jou land en jou land se verskillende kulture.



Dink aan:

- Die verskillende kulture in jou land.
- Die mense van jou land.
- Wat is jou kultuur.

(40)

## 1.4 My land. My Suid-Afrika.

Skryf 'n opstel waarin jy jou land, Suid-Afrika beskryf.




Dink aan:


- Die mense in jou land.
- Dinge wat mens kan sien en doen in jou land. (40)

1.5 Kies een van die volgende visuele tekste en skryf 'n opstel daaroor.

1.5.1



1.5.2



1.5.3



**TOTAAL Afdeling A: 40**

**AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKSTE**

- Kies EEN van die volgende opdragte.
- Die lengte van die TRANSAKSIONELE TEKS moet 80-100 woorde wees.
- Dui op jou finale skryfstuk die nommer van die LANG TRANSAKSIONELE TEKS aan.

**VRAAG 2**

**2.1 VRIENDSKAPLIKE BRIEF**

Skryf ‘n VRIENDSKAPLIKE BRIEF aan jou beste maat waarin jy vertel van die dag toe jy ‘n kwaaddoener/dief/skelm gevang het.



Dink aan:

- Wat het die kwaaddoener gedoen.
- Hoe het jy hom gevang.
- Wat het jy met hom gemaak toe jy hom gevang het.

**2.2 VRIENDSKAPLIKE BRIEF**


Skryf ‘n VRIENDSKAPLIKE BRIEF aan jou neef/niggie waarin jy vir haar vertel hoekom dit vir jou lekker is om in Suid-Afrika te bly.

Dink aan:

- Hoekom is dit vir jou lekker in Suid-Afrika.
- Die verkillende Kulture en tradisies in ons land.

### 2.3 DIALOOG

Skryf 'n dialoog tussen die onderwyser en die kind in die prentjie.



**Begin die dialoog so:**

Juffrou: Goeiemôre Thabo.

Thabo: Goeiemôre Juffrou.

Juffrou: Thabo, ek is baie kwaad vir jou!

Thabo: ......

OF

### 2.4 TOESPRAAK

Skryf 'n toespraak waarin jy vir graad 8 kinders van jou skool vertel.

Dink aan:

- Naam van jou skool
- Waar die skool is
- Hoeveel kinders is in die skool
- Die onderwysers by die skool
- Die vakke by die skool
- Die vakke by die skool.
- Die skooldrag van die skool

**TOTAAL AFDELING B: (20)**

**AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKSTE**


- Kies EEN van die volgende opdragte.
- Die lengte van die KORT TRANSAKSIONELE moet 50 – 80 woorde wees.


**VRAAG 3**
**3.1 INSTRUKSIES**

Skryf instruksies oor hoe om ‘n vuur te maak. Gebruik die prentjies om jou te help.

**Koerantpapier**


**Vuurhoutjies**



**Rooster om vleis in te braai**

**Sout en peper**



**3.2 UITNODIGING**

Skryf ‘n uitnodiging aan jou beste vriend/vriendin waarin jy hom/haar uitnooi na ’n tradisionele fees wat jou familie hou. (20)

**3.3 PLAKKAAT**

Maak ’n plakkaat waarin jy mense uitnooi om Nasionale Erfenisdag( *Heritage day*) by die skool te kom vier. (20)

**TOTAAL AFDELING C: (20)**

**TOTAAL [80]**